# Kategese 2025 - Wat jy moet weet

## Kategete

Baie welkom by die Kategete groep vir 2025. Ons sien baie uit om saam met jou te werk hierdie jaar! Ons is ‘n groep mense met een ding in gemeen: ‘n ongelooflike liefde vir kinders! Dis vir ons baie belangrik dat die kinders die liefde van God hier by NG Weltevreden kan voel en beleef.

Ons is ‘n diverse groep individue, en ons maak ook graag gebruik van tieners se hulp. Dis moontlik dat jy gevra word om ‘n tiener in jou klas te hê – lei hulle asb. en gee hulle geleentheid om te leer. Hulle het ‘n ongelooflike vermoë om dit baie pret te maak vir die kleinspan!

By **KiX kerk** maak ons dit vir julle maklik:

1. Al die lesmateriaal en fisiese voorbereiding, bv. drukwerk van plakkate ens. word deur my, Anneke Blaauw, gedoen en voorsien. Jou verantwoordelikheid is om die les voor te berei en vir jou klassie aan te bied. Dit beteken jy moet die lesmateriaal (2x A4 bladsye) deurlees en in jou kop ‘n prentjie vorm hoe jy dit wil aanbied. Sondagoggend, ‘n halfuur voor die erediens, ontmoet ons informeel in die saal se kombuis en kry jy alles wat jy mag nodig hê vir die oggend. Indien jy enige spesiale versoeke het vir ‘n week se betrokke les moet jy dit asb. teen Donderdag met my bespreek.

2. Jy kry Sondagoggend jou lesmateriaal in die stoor - dis langs die toonbank in die saal. Dit sal volledig gemerk wees met jou naam en klas-besonderhede. Jy het ‘n lokaal wat jy vir jou klassie kan inrig. Alles wat jy moontlik nodig sal hê word voorsien. Indien jy iets ekstra wil insluit, laat weet asb. dan reël ek dit vir jou.

3. In jou mandjie is ‘n naamlys van die kinders in daardie graad. Merk asb. af watter kinders in jou klas is – dit is vir hulle belangrik dat jy hulle op die naam ken, en hul verjaarsdae onthou. Wanneer jy nie daar is nie, gaan die mandjie saam met jou klas se kinders na die aflospersoon. Dit is dan vir daardie persoon maklik om ‘n paar ekstra kinders te hanteer, want al hulle benodighede is daar.

4. Omdat die kalender vooraf uitgewerk is kan jy vooruit beplan t.o.v. voorbereiding, asook vir jou eie gesin se behoeftes. Ek kan ‘n aflospersoon vir jou klas reël, mits ek betyds daaroor ingelig word. Indien ‘n onvoorsiene situasie ontstaan, laat weet my so gou as moontlik as jy nie op ‘n Sondagoggend daar gaan wees nie.

Ons kommunikeer grootliks met die ouers via die weeklikse nuusbrief, KixKliek. Verwys asb. die ouers na die nuusbrief indien julle enige navrae kry. ‘n Skakel om in te teken is op die gemeente webwerf se tuisblad. Indien dringende inligting uitgestuur moet word, sal dit via WhatsApp gedoen word.

Hierdie is ‘n hele mondvol, maar ek wil baie dankie sê dat jy bereid is om Sondag oggende by KiX-kerk betrokke te wees. Dit kan ‘n baie bevredigende bediening vir jou word. Moenie jou bydrae onderskat nie: jare later loop jy ‘n kind iewers raak, en dan sien jy die moeite wat jy gedoen het het ‘n verskil gemaak. By voorbaat baie dankie daarvoor!

Groete,

Anneke Blaauw